## 21.2 ALTERNATIEWE RAPPORT DEPUTATE LEERSTELLIGE SAKE : OPDRAG OOR ALTERNATIEWE NAGMAALSFORMULIER(E) (Artt 90, 251)

A. Prof CFC Coetzee lewer die Alternatiewe Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Leerstellig 1.
C. Ds BCG Fourie rapporteer namens die Kommissie Leerstellig 1.

D. **RAPPORT**

**1. Opdrag**

Vgl Acta 2006:534, 4 en p535, 5.

**Besluit: Kennis geneem.**

**2. Sake vir kennisname**

2.1 Sinode 2003 behandel ‘n Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Pretoria om oorweging te skenk aan die daarstel van ‘n Alternatiewe Nagmaalsformulier(e) (vgl Acta:632-637).

2.2 Daar word op ‘n bepaalde wyse gevolg gegee aan die Beskrywingspunt en opdrag aan te benoemde Deputate gegee (Acta 2003:637, 3).

2.3 Sinode 2006 behandel die Rapport van die Deputate, maar handel nie die saak af nie en formuleer opnuut ‘n opdrag aan te benoemde Deputate (vgl Acta 2006:520-535).

2.4 Prof B Spoelstra word spesifiek vir die saak van die Alternatiewe Nagmaalsformulier(e) as adviseur ad hoc by die Deputate gevoeg (vgl Acta 2006:841), klaarblyklik omdat hy die inisiatief geneem het by die formulering en voorlegging van die aanvanklike Beskrywingspunt.

2.5 Uit die advies van Prof Spoelstra het geblyk dat die aanvanklike Beskrywingspunt gevra het vir ‘n revisie van die bestaande Nagmaalsformulier en nie vir die daarstel van Alternatiewe Nagmaalsformulier(e) nie (vgl ook Beskrywingspunt van Geref Kerk Pretoria-Sunnyside aan Klassis Oostelike Pretoria, 12 September 2001).

2.6 Klassis Oostelike Pretoria gee nie gevolg aan die versoek van die Geref Kerk Pretoria-Sunnyside tot revisie van die Nagmaalsformulier nie, maar benoem weer Studiedeputate om aan die volgende Klassis ‘n Alternatiewe Nagmaalsformulier voor te lê asook ‘n konsep-Beskrywingspunt vir deursending na die Partikuliere Sinode (vgl Bylae, p11).

2.7 Klassis Oostelike Pretoria besluit verder dat die versoek van die Geref Kerk Pretoria-Sunnyside by enige nadere studie en eventuele deursending na meerdere vergaderings gevoeg moet word (vgl Bylae, p11).

2.8 Die besluit van die Klassis genoem in 2.6 en 2.7 hierbo is in direkte kontradiksie met homself. Punte 5.1 en 5.2 van die Klassisbesluit kom daarop neer dat die Klassis gevolg gee aan die Beskrywingspunt van Sunnyside wat vra vir ’n revisie van die bestaande Formulier en dit saam met die toeligting na meerdere vergaderings deurstuur. Punt 5.3 gee egter nie gevolg aan die Beskrywingspunt nie. Indien die bewoording wil se wat kerklik daarmee bedoel word, moes die hele saak rondom revisie of opstel van Formuliere daar gestop het.

**Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.8.**

**3. Die Sinode oorweeg**

3.1 Die versoek van die Gereformeerde Kerk Sunnyside om revisie van die bestaande Nagmaalsformulier het langs kerklike weg (KO, artt 33, 46) by die Klassis ter tafel gekom.

3.2 Die finale beoordeling en uitvoering daarvan het gevolglik volgens KO, art 30 nie by ’n mindere vergadering nie, maar by ’n vergadering van al die kerke tuisgehoort. Die Klassis kon wel die “necessitas” (KO, art 46) en motivering aan Skrif, Belydenis en

Kerkorde toets voordat die kerke in die Klassis dit vir hulle rekening neem en na die Partikuliere Sinode deurgee .

3.3 Uit die toeligting en stukke (waaronder ook die Beskrywingspunt met toeligting van Sunnyside) wat voor Sinode 2003 en veral Sinode 2006 gelê moes word, is de facto aan die Beskrywingspunt gevolg gegee, hoewel daaraan met die woord “alternatiewe” ’n ander betekenis as “revisie” gegee is. Die Sinodes het egter in hulle opdragte 2003 en veral 2006 baie duidelik die oorspronklike bedoeling van Sunnyside met die toeligting daarby erken en by die mandaat van die Deputate oor die Nagmaalsformulier ingesluit.

3.4 Dit kan as ’n tekortkoming met die oog op die praktiese implikasies van die besluite van die kerklike vergaderings oor hierdie saak aangewys word dat die twee weë (óf revisie van die bestaande Formulier, óf die skep van Alternatiewe Formuliere) in die lig van die prinsipiële vertrekpunte wat onder andere in Ef 4:4 verwoord staan, spesifiek gerig op die bediening van die Sakramente as kragtige sametrekkings van die leer van die Skrif, nog nie genoegsaam deur die kerklike vergaderings beredeneer is nie.

3.5 Dit spreek vanself dat die Sinodes 2003 en 2006 in lyn met KO, art 62 sou handel omdat nog geen gravamen teen KO, art 62 , naamlik sorg vir eenheid in die leer en vorm m.b.t. liturgie t.o.v. die Nagmaal ter tafel geneem is nie .

**Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.5.**

**4. Bevindings**

4.1 Die Beskrywingspunt van die Gereformeerde Kerk Sunnyside het ten spyte van onordelike hantering langs kerklike weg die tafel van die Sinode 2003 bereik .

4.2 Die Sinodes 2003 en 2006 was nie bewus van die verwarrende besluite wat langs die kerklike weg deur mindere vergaderings oor die betrokke saak geneem is nie. Die opdragte van die Sinodes moet teen hierdie agtergrond gesien word.

4.3 Dit is nietemin duidelik dat die Bylae deur Prof Spoelstra vir ‘n versoek tot revisie van die bestaande Nagmaalsformulier ‘n bepalende rol gespeel het in die besluitneming van Sinode 2003 (vgl veral Acta 2003:636, pt E 1 en 2).

4.4 Uit die besluite van Sinodes 2003 en 2006 is dit nie duidelik wat die plek en funksie van die bestaande Formulier sou wees indien “Alternatiewe Formuliere” aanvaar sou word nie.

4.5 Sinodes 2003 en 2006 het ook nie besin oor die implikasies wat die aanvaarding van “Alternatiewe Nagmaalsformuliere” sou hê oor KO, art 62 nie en het ook nie sodanige opdrag aan Deputate gegee nie.

4.6 Die vraag kan gevra word of die “necessitas” vir “Alternatiewe Formuliere” deur die mindere vergaderings sowel as Sinodes 2003 en 2006 bo enige twyfel aangetoon en bewys is.

4.7 Die “Alternatiewe Formuliere” wat sedert 2003 in konsepvorm geformuleer is, is volgens die oordeel van die Deputate self onbevredigend. Lede van die subgroep wat vir die konsepformulerings verantwoordelik was, het ook te kenne gegee dat hulle nie hulle weg oopsien om aan so ’n opdrag uitvoering te gee nie.

4.8 Daar is nie uitvoering gegee aan pt5.5 van die opdrag van Sinode 2006 (Acta:535) nie: “Die Deputate moet die ander Afrikaanse Kerke hierin ken deur middel van die TKR (Deputate Ekumenisiteit Binnelands).”

**Besluit: Kennis geneem van 4.1 tot 4.8.**

**5. Sake vir besluitneming**

5.1 Die Sinode besluit in die lig van hierdie Rapport oor die opdrag aan die Deputate.

5.2 Indien die Sinode oordeel dat die oorspronklike versoek van Sunnyside, steeds op die tafel is, soos blyk uit veral Acta 2003:636, pt E 1 en 2, en Acta 2006:841, pt2.11, behoort die saak van revisie van die bestaande formulier primêr aandag te kry. Met die oog op ‘n “welomskrewe opdrag” kragtens KO, art 49 kan die advies van Prof B Spoelstra in ag geneem word. Die versoek ten opsigte van “Alternatiewe Formulier(e)” kan alleen in die lig daarvan beoordeel word.

5.3 Die Sinode neem eers hierdie Rapport in behandeling voordat die Tweede Rapport van die Deputate, indien nodig, in behandeling geneem word.

**Besluit: Punte 5.1 tot 5.3 word nie goedgekeur nie.**